
# 138 "God is liefde!" juig ons harte




Hy wat eerste liefgehad het,
het in liefde ons vergeef,
nou kan ons, uit God gebore,
uit die bron van liefde leef!

Deur sy Gees, die wondergawe,
laat Hy wederliefde spruit;
en dié liefde wat volmaak is
dryf die vrees en selfsug uit.

As die Vader in sy liefde
dan die sondaar maak tot kind,
mag sy Seun al meer gestalte
in ons doen en late vind!

Charles Wesley (1707-88) C.P.E. Bach (1714-88)